Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk
(Registrasienommer 1924/001164/06)
(In die Republiek van Suid-Afrika geregistreer)
("HL&H")

Uitslag van algemene vergadering en wysiging van die voorgestelde reëlingskemas wat deur Industrial Partnership Investments Beperk ("IPI") oorweeg word ten einde HL&H as 'n volfiliaal van IPI te vestig en 'n verdere omsigtigheidsaankondiging

---

1. UITSLAG VAN ALGEMENE VERGADERING

Real Africa Durolink Investment Bank Beperk ("RAD") is gemagtig om, ter aansluiting by die laaste omsigtigheidsaankondiging wat op Vrydag, 21 Julie 2000 gepubliseer is, aan te kondig dat tydens die gekombineerde algemene vergadering van HL&H gewone- en voorkeuraandeelhouers wat op Dinsdag, 8 Augustus 2000 gehou is, die gewone besluit ter bekragtiging van die verkoop van die suikerbelange van Transvaal Suiker Beperk ("TSB") as 'n lopende onderneming, eenparig deur die HL&H gewone- en voorkeuraandeelhouers aangeneem is.

Die verkoop van TSB se suikerbelange is steeds onderworpe aan goedkeuring soos vereis kragtens die Wet op Mededinging Nr. 89 van 1998.

2. DIE VOORGESTELDE SKEMAS

2.1 Inleiding

In 'n aankondiging wat op Vrydag, 28 Januarie 2000 gepubliseer is, is aangekondig dat IPI, 'n filiaal van Rembrandt Groep Beperk, dit oorweeg het om kragtens Artikel 311 van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos gewysig ("die Wet"), reëlingskemas tussen HL&H en sy gewone- en voorkeuraandeelhouers en enige ander houers van tersaaklike instrumente ("aandeelhouers"), uitgesonderd IPI ("skemalede") voor te stel, òf om dit op sodanige ander wyse voor te stel wat IPI as meer doeltreffend mag beskou en wat dieselfde uitwerking sou hê ("die voorgestelde skemas"). Die voorgestelde skemas sou slegs geïmplementeer word indien die netto opbrengs vir die verkoop van die suikerbelange 'n bedrag sou beloop wat nie wesenlik van R900 miljoen sou verskil nie.

In 'n aankondiging wat op Vrydag, 21 Julie 2000 gepubliseer is, is bekendgemaak dat, aangesien die opbrengs uit die verkoop van die suikerbelange wesenlik minder beloop het as R900 miljoen, 'n voorwaarde van die voorgestelde skema nie nagekom is nie. IPI het egter besluit dat hy dit steeds sal oorweeg om voort te gaan met die voorgestelde skemas, op die bepalings wat hieronder uiteengesit is.

2.2 Bepalings

Op grond van die uitslag van 'n onafhanklike waardasie van HL&H wat deur RAD voltooi is en die oorweging daarvan deur die direksie van HL&H, oorweeg IPI dit tans om die HL&H gewone- en voorkeuraandele te verkry wat deur skemalede gehou word, vir 'n onveranderde kontantteenprestasie van 850 sent per HL&H gewone aandeel en 900 sent per HL&H-voorkeuraandeel ("die voorgestelde skemateenprestasies"). Indien die voorgestelde skemas geïmplementeer word, sal skemalede geen verdere dividende vanaf datum van hierdie aankondiging ontvang nie.

Onderworpe aan sekere opskortende voorwaardes, is Bestfoods deur Unilever PLC verkry. Dit is onduidelik hoe dit Robertsons Holdings (Eiendoms) Beperk ("Robertsons") se gesamentlike onderneming met Bestfoods sal beïnvloed. IPI is nie van voornemens om sy belang in Robertsons te verkoop nie.

Sekere aandeelhouers mag van mening wees dat die waarde van hul HL&H-aandele verhoog het as gevolg van Unilever PLC se verkryging van Bestfoods. IPI het dus ingestem dat, indien 'n ooreenkoms ná implementering van die voorgestelde skemas aangegaan sou word ten einde direk óf indirek die geheel of die meerderheid van die belang in Robertsons binne 12 maande nà die rekorddatum van die voorgestelde skema ("die rekorddatum") te verkoop ("die verkoop"), skemalede wat op die rekorddatum geregistreer was, benewens die voorgestelde skemateenprestasies, 'n verdere betaling mag ontvang indien die teenprestasie ontvangbaar vir die verkoop hoër is as die som van die toegerekende waarde van Robertsons, soos bereken deur RAD vir die doeleindes van sy onafhanklike waardasie van HL&H, en IPI se kostes. Die verdere betaling, indien enige, sal deur RAD bepaal word op 'n wyse wat RAD as billik teenoor beide IPI en skemalede mag beskou.

Daar sal slegs met die voorgestelde skemas voortgegaan word, mits:

– die verkoop van die suikerbelange onvoorwaardelik word, en geïmplementeer word, welke voorwaarde deur IPI kwytgeskeld mag word;

– die vereiste goedkeurings deur die Johannesburgse Aandelebeurs, die Paneel oor Sekuriteiteregulering en enige ander toepaslike regulerende liggame toegestaan word; en

– die rekorddatum van die voorgestelde skemas voor 31 Januarie 2001 is, welke voorwaarde deur IPI kwytgesteld mag word.

2.3 Menings

Die direksie van HL&H het die bepalings en voorwaardes van die voorgestelde skemas oorweeg en is eenparig van mening dat sodanige bepalings en voorwaardes billik en redelik teenoor aandeelhouers sal wees. RAD het die bepalings en voorwaardes van die voorgestelde skemas oorweeg en die direksie van HL&H meegedeel dat hy van mening is dat sodanige bepalings en voorwaardes billik en redelik teenoor aandeelhouers sal wees.

2.4 Verdere omsigtigheidsaankondiging

HL&H gewone- en voorkeuraandeelhouers word gemaan om verhandelinge in hul aandele met omsigtigheid aan te gaan totdat 'n verdere aankondiging in verband met die voorgestelde skemas gepubliseer word.

Sandton
15 Augustus 2000

Beleggingsbank en Korporatiewe adviseur

Real Africa Durolink Investment Bank Beperk
(Registrasienommer 1987/005258/06)
www.radbank.co.za

Korporatiewe Regsadviseurs en Konsultante

EDWARD NATHAN & FRIEDLAND (EDMS) BPK
(Registrasienommer 1999/026464/07)

FCB Jonssons

0/0432 - RESUTS OF GM - 44X4 – SHARON
GOUDY 10/11
AFRIKAANS – 12TH PROOF